VEELS GELUK AAN ALMAL WAT HIERDIE WEEK VERJAAR!

Sondag:	Jannie Lötter
Maandag:	Brian Bentley, Tania Hough, Nicola Koch, Wynand Muntingh, Cathy Sullivan, Gawie Thirion.
Dinsdag:	Ilda Nienaber
Woensdag:	Leonie Avenant, Isabel Buys, Hein Muller, Jaco Thirion, Danie van Aswegen, Tinus van der Merwe, Ruben Viljoen.
Donderdag:	Bennie Cilliers, Paul Jacobs, Karin Malherbe, Roelof Oosthuizen, Jeanice Prinsloo.
Vrydag:	Eckhard Bornman, Marius Meyer, Estelle Mostert, Maryke Visagie.
Saterdag:	Lorraine Fouché, Yolanda Gerber, Jòvan Snyman, Paul Theron, Johann Woudberg.

Klassieke Kitaar Klanke - Vivaldi tot Villa-Lobos

Klassieke kitaarspelers van die Departement Musiek, Universiteit Stellenbosch, kom weereens om Helderberg gehore te betower met hulle kitaarspel. Hierdie unieke kitaar konsert vorm deel van die Klassieke Klanke konsertreeks, wat aangebied word deur die nuutste projek van Helderberg Uitreik, Musica Dei. Hierdie jaar se program lewer opwindende komposisies van Dyens, Villa-Lobos, Vivaldi, Tarréga en York. Te oordeel aan vorige jare, beloof hierdie 'n uiters genotvolle middag te wees.

Die konsert begin om 15:00 op Sondag, 11 Augustus en vind by Helderberg NG gemeente (82 Firmountweg, Somerset-Wes) plaas. Verversings word voor en na afloop van die konsert verkoop. Kom geniet 'n heerlike saamkuier geleentheid en ontmoet terselfdertyd ander klassieke musiekliefhebbers. Alle Klassieke Klanke konserte is gratis, maar donasies vir die verdere ontwikkeling van klassieke musiek en plaaslike talent word waardeer. Geen besprekings is nodig. Vir enige verdere inligting, kontak gerus die musiekdirekteur, Yolanda Botha, by helderbergconcerts@gmail.com of gaan besoek ons webtuiste www.helderbergconcerts.business.site of ons Facebookblad Klassieke Klanke.

Maak gebruik van die **Snapscan** toepassing op jou slimfoon om jou bank– en dankoffer te gee. NB: Stel jou foon se klank op geluidloos.

Ondersteun asseblief die besighede wat ons Gemeenteprogram geborg het. Probeer ook om vir hulle persoonlik dankie te sê daarvoor wanneer jy hulle besoek of / en van hulle dienste gebruik maak.

Familiekerk
NG Hottentots-Holland
Dissipels van Jesus

FAMILIENUUS

SONDAG 11 AUGUSTUS 2019

BAIE WELKOM BY VANDAG SE EREDIENSTE

VANDAG:	NEGENDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD
09:00:	NICOLA ALBERTS
SKRIFLESING:	HEBREËRS 11: 1-3
TEMA:	GELOOF IS...

KOM DRINK GERUS TEE NA DIE EREDIENS.

19:00	NICOLA ALBERTS EN EWALD VAN RENSBURG
SKRIFLESING:	ROMEINE 11: 33-36
TEMA:	WOW!

 # OP WEG - KOM KUIER VOORAF SAAM RONDOM 'N KOPPIE KOFFIE

Ons is dankbaar vir die wydverspreide reën wat die afgelope weke geval het, maar bid vir uitkoms in groot dele van ons land wat steeds onder knellende droogte gebuk gaan.

DEUROFFERS:

Verlede week is R1240 ingesamel vir die Jeug

Vandag se deuroffer: Studentebearbeiding

Bediening aan studente is vir die kerk van die uiterste belang, want dit is 'n belegging in die geestelike vorming van môre se leiers. Die fondse wat hiervoor ingesamel word, word gegee vir bediening van studente op verskillende plekke. Die grootste gedeelte van fondse gaan na die Moederkerk in Stellenbosch wat sedert die samesmelting met die Studentekerk, verantwoordelikheid aanvaar vir hierdie bediening waar die grootste konsentrasie studente is.

Volgende week: Teologiese Kweekskool

Leraars:	Hennie Fouché	082 859 5646;	hennie@nghottentotsholland.co.za
	Ewald J van Rensburg	082 451 2584;	ewald@nghottentotsholland.co.za
Jeugleraar:	Nicola Alberts;	074 313 7745;	nicola@nghottentotsholland.co.za

Kerkkantoor: **Pleinstraat 20, Somerset-Wes, 7130** Maandag tot Vrydag 9:00 - 13:00
Telefoon: 021 852 5004 **Faks:** 086 552 6165 admin@nghottentotsholland.co.za
Bankbesonderhede: NG Kerk Hottentots-Holland; ABSA Takkode 632005, Rek 2900 5900 51
www.nghottentotsholland.co.za

RES VAN DIE WEEK SE PROGRAM

Dinsdag:	15:30	Gebedsgroep
	19:00	Diensgroep Eiendomme vergadering
Woensdag:	08:45	Bybelgesprek
	10:00	Bybelstudie by Huis Vonke
Donderdag:	16:00	Macassar Jesusbende
Vrydag:	18:30	Braai en sokkie

BRAAI EN SOKKIE - kuier saam met Gordonsbaai en Suiderstrand
16 Augustus om 18:30 R20 pp in **NG Hottentots-Holland se saal**
Wins word gebruik vir die bediening van Bright Lights se huis van veiligheid
Tema: Wat wil jy wees as jy groot is? Daar is 'n prys vir die "best dressed"
Dit is 'n rustige sosiale geleentheid saam met van ons suster gemeentes.
Selfs al het jy twee linkervoete, daar sal 'n vuur wees so bring gerus vleis of lekkernye saam en kom ontspan saam met ons!

Kamp vir jong volwassenes @ Disakloof :

30 Aug - 1 Sept

Kontak vir Nicola indien jy belangstel (074 313 7745) of nicola@nghottentotsholland.co.za)

"REFLECTIONS ON SPIRITUAL FORMATION"
'n Konferensie asook twee naweke van afsondering in Greyton
Aangebied deur Jan Johnson
13-23 September 2019
Vir verdure navrae kontak 082 442 7694 of stuur 'n e-pos aan enquiries@spiritualformation.org

Huis Jakaranda, een van die huisies by die Huis Andrew Murray Kinderhuis, het die volgende **behoeftes** waarvoor hul ons ondersteuning en bydraes vra:
1 x sterk stort gordyn
1 x groot pot (vir 12 kinders)
1 x toaster
1 x snackwicher
3 x plastiekoortreksels vir matrasse
Die totale koste van al die items beloop ongeveer R2300 - as jy dus 'n finansiële bydrae hiervoor wil maak is jy ook welkom.

Kinder- en Jeugsorgsentrum
Child and Youth Care Centre

Nog net 4 weke tot kermis 2019!

Ons gemeente verjaarsdagpartytjie val hierdie jaar op 7 September. Ons skop Vrydagaand (6 September) af met 'n gesellige kuier en vertoning en Saterdag vier ons fees!

HOE KAN JY DEELHÊ AAN DIE FEES EN BETROKKE WEES?

Ons het nog **bestanddele** nodig:
- Sonneblomolie (skoon, ASB)
- Vars tamaties en uie
- Geblikte tamaties
- Bevrore ertjies
- Eiers & spek
- Vla & melk
- Kerrie & borrie
- Botter & kaas
- Bakpoeier & kaneel
- **ONS HET GENOEG RYS,MEEL & SUIKER - DANKIE VIR JULLE BYDRAES**

Wit of rooi **WYN** - kan jy dalk 'n bottel skenk asb?
'n Gesellige kuierwyn - nie jou versamelaarswyn nie

Ons benodig nog mense om te help met die **pretdraf** - jy hoef nie self te hardloop nie, net om rigting aan te wys ASB.

Bring asseblief al jou **wit olifante** na die kerkkantoor:
die **ouer** & nuwes,
grootte & kleintjies



ANDRIËTTE NORMAN

Pêrel Vir 'n Kroon

6 September om 20:00
R140 kinders
(kindersorg ook beskikbaar)
R170 volwassenes
Kerrie & rys vooraf beskikbaar @ R40

Kontak gerus vir Rencia vir enige navrae by 021 852 5004 of admin@nghottentotsholland.co.za

Hou die datum oop!
Ons sien uit om heerlik saam te kuier!